

# Behoorlike weerligbeskerming

'n Weerligstraal wat een kilometer weg slaan kan groot skade aan elektriese en elektroniese toerusting, asook strukturele skade aan geboue veroorsaak. Met Suid-Afrika se hoë misdadaatsyfer is die voortdurende en doeltreffende werking van toegangbeheer- en alarmstelsels van uiterste belang. Telekommunikasie-, rekenaarstelsels en veiligheidstelsels is vatbaar vir weerligskade, stuwings en ander kortstondige pulse. Gevolglik het alle geboue, insluitend wonings, 'n weerligbeskermingstelsel nodig om skade te verhoed. Die koste vir weerlig- en stuwingskade kan aansienlik wees; die grootste gevaar is egter 'n brand weens elektriese kortsluitings. Om die risiko van weerlig- en ander stuwingskade grootliks te verminder, word 'n behoorlik ontwerpde weerligbeskermingstelsel, wat korrek geïnstalleer is en in ooreenstemming is met die toepaslike praktykkode, benodig. 'n Weerligbeskermingstelsel bestaan uit vyf dele:

- Lugafsluitingstelsel
- Afgeleierstelsel
- Aardsluitingstelsel

Skei-afstande  
• Gelykwaardige potensiaal vlakke weerligdeurverbinding.

Bogenoemde vyf beskermingsdele word verder in hoofsaaklik twee beskermingskategorieë verdeel, naamlik - eksterne weerligbeskerming en interne weerligbeskerming.


Weerligbespeuringstelsels waarsku teen 'n moontlike weerligaanslag asook 'n werklike weerligaanslag. Hierdie eenhede is gegrond op 'n elektromagnetiese ontvangsveld, voortgebring deur 'n weerligontlading en word hoofsaaklik gebruik by gholfbane, skole, stadions, myne en in die petroleum-/chemikaliebedryf.

Alhoewel die eerste installering van 'n weerligbeskermingstelsel duur mag voorkom, vergoed die gevolglike beskerming van elektriese en elektroniese toerusting en geboue in 'n hoë mate vir die aanvangskoste op die lange duur.

'n Weerligbeskermingstelsel word ontwerp na gelang van vaste standaarde en Advanced Lightning Protection besoek die perseel om die spesifieke weerligbeskermingbehoefes te bepaal voor die kwotasie voorgelê word.

## Advanced Lightning Protection

EARTHING & LIGHTNING PROTECTION SPECIALISTS



### Produkte en dienste:

- Ontwerp, verskaffing en installering van eksterne weerligbeveiliging en beaardingstelsels, wat voldoen aan die toepaslike kodes van praktyk en spesifikasies.
- Grondweerstandsonnames en aardtoetsing.
- Weerlig- en stuwings- / oorspanningsbeveiliging - alle soorte stelsels.
- Instandhouding van beaardingstelsels.
- Ons bied 'n jaarlikse inspeksie van die aarding- en weerligbeveiliging.
- Gespesialiseerde beaardingstelsels.
- Inspeksie en toetsing vir versekeringsdoeleindes.
- Risiko-ontleding in ooreenstemming met SANS 62305(2007).
- Weerligafleiers vir grasdakke.
- Stuwingsbeveiliging vir elektriese hekmotors, interkomstelsels, DStv, sekerheidskameras en ge-elektrifiseerde heinings..
- Vroeëwaarskuwing - opsporingstelsel vir gholfbane, sportkomplekse en mynkomplekse..

Telefoon: 012 332 1361/ 083 635 6495

Faks: 012 332 3405

Webwerf: [www.advancedlp.co.za](http://www.advancedlp.co.za)

E-pos: [vanzylb@advancedlp.co.za](mailto:vanzylb@advancedlp.co.za)

[chapmanl@advancedlp.co.za](mailto:chapmanl@advancedlp.co.za)